**Tel:** 086 10 200 30 • **Faks:** 012 664 1281
**Posadres:** Posbus 17216, Lyttleton, 0140 Adres: 58 Unionweg, Kloofsig, Centurion.

# PLAASAANVALLE EN PLAASMOORDE: TENDENSE IN 2016

**OPGESTEL DEUR LORRAINE CLAASEN**
**AFRIFORUM NAVORSINGSINSTITUUT (ANI)**
**7 DESEMBER 2016**

## Inleiding

Die syfers vir plaasaanvalle en plaasmoorde toon in 2016 vir die sesde agtereenvolgende jaar 'n kommerwekkende styging. Vir hierdie verslag is gevalle van 1 Januarie 2016 tot 30 November 2016 verwerk en dit is reeds meer as in die hele 2015-kalenderjaar.

Om 'n beter vergelyking te kan tref tussen die TLU SA/ANI-databasis en die insidente wat by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aangemeld is, gaan die syfers in die toekoms per finansiële jaar verwerk word; dit sal dan ooreenkom met die tydperk van die SAPD-statistieke en meer betroubare vergelykings tussen die onderskeie databasisse moontlik maak.

Insidente van plaasaanvalle en plaasmoorde word sedert 1990 deur TLU SA geverifieer. Die afgelope twee jaar word die inligting deur ANI aangevul om 'n meer omvattende en akkurate databasis daar te stel sodat dié soort misdade geloofwaardig uitgebeeld kan word.

## Definisie van 'n plaasaanval

Die nasionale prioriteitskomitee van landelike veiligheid definieer 'n plaasaanval soos volg:


> *Acts of violence against farms and smallholdings are those acts aimed at any person or persons living on, working at or visiting farms or smallholdings with the intent to either murder, rape, rob or otherwise inflict bodily harm or to intimidate.*



AfriForum
**Tel:** 086 10 200 30 • **Faks:** 012 664 1281 • **Adres:** H.v. Malanrylaan en Unionweg, Kloofsig, Centurion.
**Lede administrasie - faks:** 012 664 0342 • **E-pos:** afriforum@afriforum.co.za **Direkteure:** P.J.W Buys, D.J Herman, C.M. Kriel, A. Bailey, D. Laufs, F.J.D de Klerk, D.P Goosen, G.R de Vries en L.G.J. Trichardt

Dit is belangrik om daarop te let dat gevalle van huishoudelike geweld en/of misdade as gevolg van ŉ geskil tussen familie en/of vriende nie ingesluit is by die definisie van ŉ plaasaanval nie.

**Toename in plaasaanvalle en plaasmoorde**




Die tabel toon die geleidelike toename in plaasaanvalle oor die laaste ses kalenderjare duidelik. Soos reeds genoem, is Desember 2016 uitgesluit by die totale syfers vir die jaar. In vorige jare was Desember-maande ŉ rede tot kommer wat die aantal plaasaanvalle en plaasmoorde betref. Dit is gevolglik van uiterste belang dat persone wat in landelike gebiede woon hul veiligheid as prioriteit ag in die maand wat voorlê.

**Geïdentifiseerde tendense in plaasaanvalle**

Verskeie faktore en tendense is geïdentifiseer tydens die analise van die geverifieerde data vir 2016.

Die eerste kontak tussen aanvallers en slagoffers vind gewoonlik plaas by wyse van ŉ hinderlaag wat vir die slagoffers gestel word of hulle word oorrompel waar hulle buite op die eiendom besig is om te werk of om byvoorbeeld waterpompe aan en af te skakel. Slagoffers word ook in hul huise oorrompel as die deure oop is of hul word verras as toegang tot die huis in die nag verkry word sodat daar toegeslaan word terwyl hulle slaap.

Toegang tot die slagoffers se eiendom word verkry deur elektriese heinings en draadheinings te knip of onder die voorwendsel dat beeste/skape of ander goedere op die eiendom aangekoop moet word. Waar eienaars CCTV-kameras gebruik, word die kameras gediskonnekteer en/of stukkend geslaan sonder dat die eienaars bewus is daarvan.

Items wat die meeste geroof word, sluit in die inhoud van die kluis, wapens, ammunisie, selfone, skootrekenaars, tablette, juwele, elektroniese toestelle, kontant en voertuie. Uit die beskikbare data is vasgestel dat meer as 90 vuurwapens tydens die aanvalle van die slagoffers geroof is.

In 18% van die geanaliseerde aanvalle is die slagoffer tydens die aanval met 'n vuurwapen gewond. In die meerderheid van die gevalle, 78%, is die slagoffers aangerand en/of ernstig beseer met verskeie wapens. In 6% van die insidente is vermeld dat die slagoffer 'n aanvaller tydens die aanval uit selfverdediging met 'n vuurwapen gewond het.

### Die gevaarlikste dag van die week

Die meerderheid plaasaanvalle het, net soos in vorige jare, op 'n Sondag plaasgevind, gevolg deur Saterdag, Woensdag en Vrydag. Minder aanvalle vind op 'n Maandag, Dinsdag en Donderdag plaas. Aanvallers is moontlik meer geneig om op Sondae aan te val, omdat hulle slagoffers met hul terugkoms van die kerk, gewoonlik op 'n vasgestelde tyd, kan inwag. Mense is ook geneig om oor naweke meer rondom die huis te wees; dit is vir die aanvallers voordelig, want hulle kan verseker wees van toegang tot die kluis se sleutels.

### Tyd van die dag

Aanvallers slaan meestal tussen 20:00 en ongeveer 03:00 toe op plase en kleinhoewes. Deur 'n woning in die donker aan te val, kan die aanvallers die eiendom ongesiens en sonder die slagoffers se medewete betree. Slagoffers word in hul huise oorval terwyl hulle slaap en word eers wakker as die aanvallers reeds in die huis is of terwyl hul besig is om veiligheidshekke, diefwering en deure af te breek om toegang te verkry. Dit is ook makliker om in die nag van die misdaadtoneel af te vlug en sodoende arrestasie te vermy.

### Die aanvallers

Alhoewel daar gevalle is waar slegs een oortreder by 'n plaasaanval betrokke is, is daar gevalle waar tot tien aanvallers op 'n plaas of kleinhoewe toeslaan. Meer aanvallers per aanval kan dui op 'n meer georganiseerde groep of bende wat ook geneig is om vooraf

genoegsame inligting oor die eiendom en die roetine van die eienaars en werkers in te samel. Die uitleg van die geteikende eiendom kan selfs vir weke vooraf ondersoek word.

Die aanvallers blyk geneig te wees om hul gesigte te bedek met klapmusse en om handskoene en oorpakke te dra tydens die uitvoer van die aanvalle.

### Aantal slagoffers en hul gemiddelde ouderdom

Gebaseer op ŉ analise van die 334 geverifieerde aanvalle is bereken dat daar meer as 400 individuele slagoffers was. Dié getal sluit die eienaar, sy gesin, vriende, ander familie, werkers asook die werkers se gesinne in.

Op grond van die beskikbare inligting in die databasis is bereken dat die gemiddelde ouderdom van slagoffers 56 jaar is.

### Kwesbaarheid van plase in vergelyking met kleinhoewes

Die analise toon dat ongeveer 75% van aanvalle op plase geskied en 25% op kleinhoewes. Die reaksietyd van buurtwagte, veiligheidstrukture, sekuriteitsmaatskappye en die nabyheid van polisiestasies in areas waar kleinhoewes voorkom, kan ŉ rede wees waarom aanvalle op dié eiendomme afgeneem het. Plase in landelike gebiede is soms ver van die naaste polisiestasie en plaaswagte is soms ook nie in staat om vinnig te reageer op noodroepe nie. Dit stel aanvallers in staat om wegkomvoertuie doeltreffend te gebruik of om gekaapte voertuie verlate ŉ ent van die geteikende eiendom af te los en te voet of met ŉ ander voertuig te vlug.

### Plaaswerkers as slagoffers

In 12% van die geverifieerde gevalle is werkers ook geteiken. Die persentasie kan egter baie meer wees, aangesien daar nie altyd in die media melding gemaak word van die werkers wat ook tydens ŉ aanval teenwoordig was nie.

### Marteling van slagoffers

Alhoewel dit lyk of marteling tydens aanvalle afneem, was sommige aanvalle hierdie jaar uitermatig wreed. Die beskikbare data toon dat slagoffers in sekere gevalle met kookwater en strykysters gebrand is. Onnodige fisiese geweld is toegedien om redes

wat nie geregverdig kan word nie; slagoffers is byvoorbeeld vermoor deur hulle herhaaldelik met 'n pik te slaan of deur hul kele met messe oop te sny.

### Wapens gebruik tydens aanvalle

Wapens wat tydens die aanvalle gebruik is, sluit in vuurwapens (pistole, gewere, haelgewere), pangas, messe, byle, pype, knopkieries, stomp voorwerpe en 'n spies.

Slagoffers word vasgebind met toue, elektriese kabels, kabelbande, skoenveters of drade.

### Verkragting en poging tot verkragting

Die beskikbare inligting maak melding van 10 gevalle van verkragting of poging tot verkragting. 'n Analise van misdaadstatistiek in alle gebiede toon 'n noemenswaardige donker syfer vir verkragting, dit wil sê dit word in baie gevalle nie aangemeld nie. In sommige gevalle vra die slagoffers die media om inligting oor verkragting te weerhou weens die sensitiewe aard van dié soort misdaad.

### Ontvoering

Hierdie jaar is vyf gevalle geverifieer waar 'n slagoffer tydens 'n plaasaanval ontvoer is. Die slagoffers is in 'n motor ingeforseer en in 'n ander area afgelaai of op 'n ander plek vermoor.

### Motorkapings

In 23% van die gevalle is die slagoffer se motor gekaap. In 6% van die gevalle is die motor egter 'n kort afstand van die toneel verlate gevind.

### Gevolgtrekking

Deur die analise van aangemelde en geverifieerde insidente kan tendense geïdentifiseer word. Baie gevalle word egter nie aangemeld nie of daar is nie genoegsame inligting om dit by die gesamentlike databasis in te sluit nie. Ons doen 'n beroep op slagoffers om insidente by TLU SA of ANI aan te meld sodat die landelike gemeenskap in die toekoms beter bygestaan en ingelig kan word oor veranderings in die modus operandi van misdadigers.